

Maandag

Skriflesing 1 Johannes. Teks 1 Joh.3: 1 “Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook!” In hierdie brief spreek die apostel Johannes die verskynsel in vandag se Christelike gemeenskap aan dat daar ’n onderskeid gemaak word tussen God se spesiale kinders en sy gewone kinders. Reeds in die tyd van hierdie brief, so om en by 85 n.C., was dit al ’n probleem binne die Christelike Kerk. Vandag se moderne Christelikheid maak net soos toe asof daar binne die kerk van die Here die gewone kinders van God is en dan God se spesiale kinders is. God se gewone kinders is volgens die moderne Christelikheid die gelowiges, maar sy spesiale kinders sou dan sy bekeerde en godsvervulde kinders wees. Die apostel wys dat hierdie geestelike houding, is niks anders as broederhaat nie. (1 Joh. 1:9) Hierdie tipe broederhaat is nie persoonlike vetes nie, maar ’n geestelike houding waarmee God se sogenaamde spesiale kinders, gelowiges minag as mense wat God se regtig ken nie. (1 Joh. 2: 4) Die effek van hierdie broederhaat was dat die gelowiges nie meer seker was of hulle hoegenaamd nog kinders van God is nie. Hierdie broederhaat het hulle so bevange in hul self gemaak dat hulle nie meer deel gevoel het of hulle self deel geglo het van God se liefde nie. (1 Joh.3:19-22) Dit is die diepte van die ontwrigting van hierdie tipe broederhaat: hoe kan God my lief hê as sy spesiale kinders my haat en minag as iemand wat God nie regtig ken nie? Dit is teenoor hierdie minagting deur God se sogenaamde spesiale kinders dat die apostel Johannes gelowiges dan verseker: “Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook!” (1 Joh.3:1) preek op Google by ngkerkleuvubu.co.za ds. Petrus

Dinsdag

Skriflesing 1 Johannes. God se spesiale kinders wat ’n spesiale Jesus het! Dít is hoe sommige mense in Johannes se tyd hul self gesien het. Hulle spesiale Jesus was vir hulle nie ’n mens nie en ook nie God nie. Daarom stel Johannes “Elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is nie.” (4: 2 en 3) Hulle spesiale Jesus was ook nie vir hulle God die Skepper nie. Daarom stel Johannes: “Hy is die ware God en die ewige lewe.” (5:20 b) Hulle Jesus was ’n gees, nie ’n mens van vleis en bloed nie. Hulle Jesus was goddelik (soos God), nie self God die Skepper nie. Wat het hierdie selfopgemaakte Jesus vir hierdie sogenaamde spesiale kinders van God gedoen, wat die “gewone Jesus” nie vir die gewone gelowiges gedoen het nie? Jesus wat God én mens is, reinig ons van al ons sonde en ongeregtighede (1: 9), sluit ons in, in God se liefde (4:10) en skep in ons harte weer die liefde vir God wat sy gebooie gehoorsaam. (4:19) Wat hierdie spesiale Jesus vir die spesiale kinders anders gedoen het, het hulle só verklaar: “Ek ken God.” 2:4 Vandag word hierdie selfde verklaring so gemaak: “Ek het met God ’n intiem persoonlike verhouding.” Hulle glo hulle spesiale Jesus maak jou deel van God se eie kennis, sodat jy God se kennis met Hom deel: sy drome is jou drome, sy planne is jou planne en sy ideale is jou ideale. Met die

woorde “Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook!” 3:1, wys Johannes dat wie in die “gewone Jesus” glo is werklik God se kinders. ds. Petrus

Woensdag

Skriflesing: 1 Johannes. Johannes wys die mense wat geglo het hulle het 'n spesiale Jesus wat hul God se spesiale kinders maak, tereg: ““As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie.” (1:8) ... maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.” (1:10) Hiermee wys hy dat hulle geglo het dat hierdie spesiale Jesus het hulle 'n nuwe lewe gegee waar hulle nie meer gesukkel het met hul sondigheid en nie meer gesukkel het met gehoorsaamheid, liefde en gebed nie. Hulle selfopgemaakte Jesus het hulle kamstig so met God se goddelike krag, mag en lewe vervul, dat hulle nie meer met sondigheid gesukkel het nie. Johannes wys dat kinders van God is mense wat hulle hele lewe sukkel met hul sondigheid. Daarom is kinders van God mense wat hul hele lewe lank hul sondes teenoor die Here bely. Christus maak hulle nie so spesiaal dat hulle nie met hul sondigheid sukkel nie. Wat spesiaal is, is dat al hierdie sondigheid en sondes vergewe word. Kinders van God oorwin sonde nie deur nie meer sondes te doen of minder met sonde te sukkel nie. Hulle oorwin sonde deurdat Christus hulle nie meer vir God sondig of sondaars laat wees nie - al sukkel hulle nog met hul sondigheid. In hierdie geloof oorwin hulle die sonde as dit wat hulle van God vervreem. (5:4,5) Geen sonde wat 'n kind van God doen, maak hom ooit weer vir God onrein, veroordeeld, skuldig of strafbaar voor God nie. Hierdie oorwinning in die geloof maak dat kinders van God elke dag vrymoedig hul sondes bely: “Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy reinig ons van alle ongeregtigheid. (1:9) preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za ds. Petrus

Donderdag

Skriflesing 1 Johannes. Johannes wys die gewaande spesiale kinders van God met die volgende stelling terég: “Die liefde van God bestaan daarin dat ons sy gebooe gehoorsaam.” 5:3. Hy wys dat liefde vir God is nie om intiem met God se krag en lewe te wees nie. Liefde vir God is om sy gebooe te gehoorsaam. Hierdie "spesiale kinders" van God het hul self so intiem ingeleef met God, dat hulle gevoel het dat sy krag, lewe en kennis, hulle eie sou wees. Hierdie 'eie-wees' met God was hul spesiale liefde vir God. Hierdie geestelikheid in daardie tyd word vandag gnostiek genoem. Gnostiek beteken “kennis”. Dit is die tipe kennis dat God en alles wat Hy is en doen, jou eie kennis en krag is. Dit is die hart van alle afgodsdienste soos in Genesis gewys word – dit is identifikasie met God in sy goddelikheid. Maar dit is nie spesiale liefde vir God nie. Dit is sonde! Dit was die slang se raad. Gen. 3:4 Dit wys die apostel met sy laaste sin: “Liewe kinders, bly dus weg van die afgode af.” 5:21 Omdat hulle die sonde van Gen. 3 as spesiale liefde vir God geglo het, het hulle gewone gelowiges wat God liefhet deur sy gebooe te gehoorsaam, geminag as mense wat God nie spesiaal lief het nie. Dit is teenoor hierdie sogenaamde spesiale liefde - wat niks anders as sonde is nie - dat die apostel dan gewone gelowiges

vertrous dat die liefde vir God is gehoorsaamheid aan God se gebooie - nie inlewing en ervaring van God se krag en lewe as hul eie nie. Dit is soos wanneer 'n pa vir sy seun sê om vuilis met 'n kruiwa weg te ry, en die seun besluit om met die pa se bakkie (waarmee hy nie mag ry nie) die vuilis weg te ry. Om te dink dat jy meer gehoorsaam aan God is deur jouself een te maak met God se eie goddelike krag is... sonde. Kinders van God gehoorsaam God se gebooie as mense met hul ménslikheid - nie met goddelikheid nie. ds. Petrus

Vrydag

Skriflesing 1 Johannes. Die apostel wys ons God het nie gewone kinders én spesiale kinders nie. Die onderskeid vir God is tussen sy kinders en kinders van die duiwel, (1 Joh.3:10) en "Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is 'n kind van God." 5:1. Johannes wys dat hulle wat glo hulle is God se spesiale kinders, is die kinders van die duiwel. Johannes wys dit is hulle wat "gewone" gelowiges minag; (2:11); hulle leef met die gees van die antichris; (4: 3) hulle het nie die Heilige Gees ontvang nie, maar glo hulle deel God se goddelikheid met Hom.(4:2) In vandag se tyd is dit die mense glo hulle word met God se goddelikheid gedoop en vervul om so God se krag, lewe en kennis hulle eie krag, lewe en kennis te maak. Dit is die godservaring van die Charismatiese- en Pinkstergeestelikes binne die Christelike gemeenskap. Met die opgemaakte godservarings om deur God se goddelikheid vervul of gedoop te word, minag hulle ander Christene as God se "gewone kinders" wat nog nie in die krag van God leef nie. Maar God het nie twee soorte kinders nie! Daar is nie iets soos twee soorte Christene is nie: God se "gewone" kinders en God se "spesiale" godsvervulde kinders nie. Die Woord van die Here noem hierdie mense wat vandag glo hulle is God se spesiale godsvervulde en godsgedoopte kinders, kinders van die duiwel. (3:10) Hulle maak in die plek van die "gewone Jesus" vir hulle 'n ander "spesiale geestelike Jesus" op. Hulle Jesus is nie meer self Skepper (5:21) en self vandag 'n gewone mens van vleis en bloed is die hemel nie. (5:21) Hulle Jesus is 'n goddelike gees wat mense bemagtig om soos God te mag wees: vervul en gedoop met God se goddelike krag, lewe en kennis. Die duiwel maak altyd kinders wat lyk soos beter Christene as die gelowiges wat Christus kinders van God maak. ds. Petrus.